In die finansiële sfeer het daar egter 'n geheel ander toestand geheers. Die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor het gedurende die eerste kwartaal verder toegeneem. Hierdie toename in die private sektor se likwiditeit was nie slegs die gevolg van 'n verdere toename in die land se goud- en buitelandse valutareserwes weens 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans asook 'n matige kapitaalinvloei nie, maar ook die gevolg van 'n aansienlike toename in bankkrediet aan die private sektor. Hierdie oorskot likwiditeit van die private sektor is hoofsaaklik in die eiendoms-, aandele- en ander finansiële markte aangewend, waar kapitaalwinste aantreklik voorgekom het en hoë rentekoerse op relatief likwiede beleggings verdien kon word. Hierdie toestande het moontlik ook meegewerk as 'n ontmoediging vir ondernemers om in reële kapitaalbesette te belê alhoewel fondse vir hulle vryelik beskikbaar was onder andere uit nuwe uitgiftes van aandele op die effektebeurs. Die feit dat die opbrengs van nuwe aandele-uitgiftes, wat normaalweg hoofsaaklik in langtermyn kapitaalprojekte belê word, ook in die eiendoms- en finansiële markte aangewend is, het bygedra tot die ongeëwenaarde hoë peil van aktiwiteit op hierdie markte waar pryse en omsette tot nuwe rekordpeile gestyg het en die omgekeerde rendementsgaping verder toegeneem het.

Alhoewel die besonder lewendige toestande in die eiendoms- en finansiële markte gehelp het om die totale monetêre vraag na goedere en dienste te beperk en sodoende die oorverhitting van die ekonomie verhoed het, was hierdie spekulatiewe toestande basies nadelig vir stabiele ekonomiese groei. Die verwydering van die surplus likwiditeit in die volkshuishouding bly gevolglik die hoofdoelstelling van monetêre beleid. Die vermindering van likwiditeit behoort te lei tot meer normale toestande in die finansiële en eiendomsmarkte, 'n vernouing van die omgekeerde rendementsgaping en die vestiging van groter aandag op en die kanalisering van meer fondse na produktiewe beleggings.



## Nasionale rekeninge<sup>1</sup>

### Bruto binnelandse produk en besteding

Nadat dit gedurende die eerste helfte matig toegeneem en gedurende die tweede helfte van 1968 effens versnel het, het die bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van 1969 teen 'n merkbaar vinniger koers toegeneem. Hierdie versnelling is hoofsaaklik toe te skryf aan toenames in die bydrae van die handel, die fabriekswese en die landbou. Dit is egter betekenisvol dat, terwyl die toename in die bruto binnelandse produk gedurende die eerste drie kwartale van 1968 hoofsaaklik weerspieël is in toenames in salarisse en lone, die toename gedurende die laaste kwartaal van 1968 en die eerste kwartaal van 1969 in hoofsaak die gevolg van hoër winste van sake-ondernemings was. In die geval van die fabriekswese kan die hoër winste gedeeltelik toegeskryf word aan die vollediger benutting van bestaande produksiekapasiteit en die gevolglike laer eenheidskoste.

Bruto binnelandse besteding wat gedurende die vierde kwartaal van 1968 aansienlik toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1969 betekenisvol gedaal hoofsaaklik weens 'n ommeswaai in voorraadbelegging vanaf 'n relatief groot toevoeging tot voorrade in die vierde kwartaal tot 'n aansienlike afname in voorrade gedurende die eerste kwartaal van 1969. Die totaal van die ander komponente van bruto binnelandse besteding, naamlik private verbruiksbesteding, lopende owerheidsbesteding en kapitaalbesteding aan masjinerie, uitrusting en konstruksie, het gedurende die eerste kwartaal van 1969 verder teen ongeveer dieselfde koers as gedurende die voorafgaande twee kwartale gestyg. Hierdie koers was egter nog heelwat laer as die koers van toename in die bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van 1969.

Hierdie verwickelinge is ook weerspieël in 'n omme-



swaai in die lopende rekening van die betalingsbalans van 'n tekort gedurende die vierde kwartaal van 1968 tot 'n aansienlike surplus in die eerste kwartaal van 1969.

### Private verbruiks- en lopende owerheidsbesteding

Voorlopige gegewens dui daarop dat private verbruiksbesteding voortgegaan het om gedurende die eerste kwartaal van 1969 teen 'n relatief hoër koers toe te neem terwyl lopende owerheidsbesteding teen 'n merkbaar vinniger koers gedurende die eerste kwartaal van 1969 as gedurende die vierde kwartaal van 1968 toegeneem het.

<sup>1</sup>Die ontleding in hierdie deel van die oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaalike ramings van die nasionale rekeninge, ná uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaalike verwickelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

### Vaste kapitaalbesteding

Nadat dit vanaf die tweede helfte van 1967 tot die derde kwartaal van 1968 effens afgeneem het, het totale kapitaalbesteding aan masjinerie, uitrusting en konstruksie gedurende die vierde kwartaal van 1968 en die eerste kwartaal van 1969 relatief skerp gestyg. Hierdie styging is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n aansienlike toename in die besteding aan geboue en konstruksie terwyl besteding aan masjinerie en uitrusting teen 'n stadiger koers toegeneem het.

Die vinnige toename in vaste kapitaalbesteding gedurende die laaste twee kwartale is uitsluitlik toe te skryf aan 'n skerp toename in die kapitaalbesteding deur openbare owerhede. Die toename gedurende die eerste kwartaal van 1969 is toe te skryf aan groter besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, terwyl die vaste kapitaalbelegging van openbare korporasies, wat 'n relatief klein gedeelte van die totaal uitmaak, matig toegeneem het.

Vaste kapitaalbesteding deur die private sektor, wat vanaf die vierde kwartaal van 1967 gedaal het, het gedurende die vierde kwartaal van 1968 effens gestyg maar weer gedurende die eerste kwartaal van 1969 gedaal. Laasgenoemde afname is in hoofsaak toe te skryf aan 'n verdere afname in vaste kapitaaluitgawe deur fabriekswese.

Dit wil dus voorkom asof die voortgesette toename in private verbruik en regeringsuitgawes tot nog toe nie 'n uitbreiding in die kapitaalbesteding deur die private sektor tot gevolg gehad het nie. Hierdie toestand kan in 'n sekere mate toegeskryf word aan faktore soos die bestaan van ongebruikte kapasiteit wat gedurende

die beleggingsoplewing van 1963 tot 1966 opgebou is, die relatief vrylike beskikbaarheid van ingevoerde goedere en die buitengewoon lewendige toestande op die finansiële en eiendomsmarkte, waarna weer later verwys sal word.

### Vorraadinvestering



Die ommeswaai in voorraadinvestering vanaf 'n aansienlike opbouing van voorrade gedurende die vierde kwartaal tot 'n afname in voorrade gedurende die eerste kwartaal van 1969 kan in 'n sekere mate toegeskryf word aan die dokstakings in die Verenigde State van Amerika gedurende die eerste kwartaal van 1969. Die matige toename in nywerheidsvoorrade is meer as teengewerk deur 'n skerp daling in handelsvoorrade terwyl alle ander klasse voorrade min verandering getoon het.


### Bruto binnelandse besparing

Volgens voorlopige ramings het bruto binnelandse besparing gedurende die eerste kwartaal van 1969 'n beduidende styging getoon hoofsaaklik weens hoër maatskappybesparing, dit wil sê 'n toename in die onuitgekeerde winste van geïnkorporeerde sake-ondernemings.

### Produksie en werkverskaffing

Nadat dit teen 'n vinniger koers begin toeneem het vanaf ongeveer die eerste kwartaal van 1968 het die seisoens-aangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie verder versnel teen die einde van 1968. Die seisoensaangesuiwerde indeks van die





fisiese volume van mynbouproduksie, wat geneig het om vanaf die tweede kwartaal van 1968 meer gelyk te verloop, het op ongeveer dieselfde peil gedurende die vierde kwartaal van 1968 en die eerste kwartaal van 1969 gebly. Hierdie sektor se indiensneming het ook min verandering gedurende hierdie twee kwartale getoon.

Die seisoensaangesuiwerde indeks van geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate (1958=100), wat sedert die einde van 1967 matig maar aanhoudend gedaal het tot die baie lae peil van 59.9 in Januarie 1969, het daarna ietwat gestyg tot 63.2 in Maart. Nieteenstaande die geringe styging in die werkloosheidsindeks gedurende Februarie en Maart, wil dit voorkom asof die algemene tekort aan geskoolde arbeid voortduur.

### Algemene ekonomiese aanwysers

Ekonomiese aanwysers ander as produksie- en indiensnemingreekse het ietwat uiteenlopende neigings in die eerste kwartaal van 1969 getoon. Goedere-invoer het afgeplat vanaf ongeveer Oktober 1968. Die tonmyle van inkomstedaende verkeer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë het op 'n gelyke peil gebly en die aantal nuwe maatskappye geregistreer het meer gelyk begin verloop gedurende die eerste kwartaal van 1969. Ander aanwysers van ekonomiese bedrywigheid soos die aantal nuwe motorvoertuie en handelsvoertuie verkoop, die fisiese volume van sementproduksie en die waarde van groothandelsverkope het almal sterk toegeneem gedurende die eerste kwartaal van 1969.

Die voortgesette besonder lewendige toestande op die eiendoms- en aandelemarkte is weerspieël in die groot toename in die waarde van vaste eiendomstransaksies, rekord aandelepryse en effektebeursomsette en die hoë peil van bankdebiteringe.

### Pryse

Die seisoensaangesuiwerde indeks van verbruikerspryse het teen 'n laer jaarlikse koers gedurende die eerste kwartaal van 1969 as gedurende die tweede helfte van 1968 toegeneem, hoofsaaklik vanweë 'n

### Verbruikerspryse

Jaarlikse persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

Tydperk	Voedsel	Behuising en verwante items	Ander		
			Ander	Totaal	Totaal
1ste helfte 1968	2.1	2.1	1.8	2.0	2.0
2de helfte 1968	5.2	2.8	2.5	2.6	3.3
1ste kw. 1969	1.9	2.8	3.8	3.3	2.9
1ste 4 maande 1969	0.3	3.9	4.5	4.2	3.0

aanmerklik laer koers van toename in voedselpryse. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die pryse van items ander as voedsel en behuising teen 'n versnelde koers gedurende die eerste kwartaal van 1969 toegeneem. Die komponente wat 'n groot bydrae tot hierdie styging gelewer het, was die pryse van mediese dienste en benodigdhede, leesstof en skryfbehoeftes en ontspanning, vermaaklikheid en sport.


Die instelling van 'n verkoopreg teen die einde van Maart het verder bygedra tot 'n styging van verbruikerspryse gedurende April. Volgens voorlopige aanduidings kan ongeveer die helfte van die toename aan die verkoopreg toegeskryf word.

Die bygaande tabel toon dat groothandelspryse gedurende die eerste kwartaal van 1969 stadiger as gedurende die tweede helfte van 1968 toegeneem het, hoofsaaklik as gevolg van 'n aanmerklike afname in die koers van toename van pryse van fabrieksgoedere in Suid-Afrika vervaardig. Gedurende April het groothandelspryse ook aansienlik gestyg, wat gedeeltelik toegeskryf kan word aan die instelling van die verkoopreg op vervaardigers- en invoerdersvlak.

### Groothandelspryse

Jaarlikse persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

Tydperk	Goedere in Suid-Afrika geproduseer			Ingevoerde goedere	Totaal
	Landbou, ens.	Fabriekswese	Totaal		
1ste helfte 1968	4.2	0.7	1.4	0.2	1.1
2de helfte 1968	5.8	3.1	3.9	1.6	3.3
1ste kw, 1969	4.1	0.6	1.1	1.5	1.2
1ste 4 maande 1969	0.3	4.3	3.2	1.0	2.5





### Betalingsbalans

#### Oorskot op lopende rekening

Na 'n oorskot gedurende die eerste drie kwartale van 1968, gevolg deur 'n tekort van R44 miljoen gedurende die vierde kwartaal, het die lopende rekening van die betalingsbalans 'n oorskot gedurende die eerste kwartaal van 1969 getoon. Laasgenoemde oorskot het R73 miljoen bedra, wat, na uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarlikse koers, op 'n surplus van R309 miljoen dui, vergeleke met 'n tekort van R178 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968. Die ommeswaai van 'n tekort na 'n oorskot was die gevolg van 'n aansienlike daling in goedere-invoer en 'n betekenisvolle toename in goedere-uitvoer en die netto goedproduksie.

Goedere-invoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers, het vanaf R2,086 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968 tot R1,870 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969 gedaal. Hierdie daling kan





ten minste gedeeltelik aan die invloed van die dok-stakings gedurende die eerste kwartaal in die Verenigde State van Amerika toegeskryf word.

Goedere-uitvoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het vanaf R1,353 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968 tot R1,562 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969 gestyg, terwyl die vergelykbare syfers vir die netto goudproduksie, soos vir betalingsbalansdoeleindes gedefinieer, R792 miljoen en R870 miljoen onderskeidelik, beloop het.

#### *Kleiner netto invloeiing van buitelandse kapitaal*

Die totale netto invloeiing van buitelandse kapitaal het gedurende die eerste kwartaal van 1969 tot R33 miljoen gedaal, vergeleke met 'n netto invloeiing van R128 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968. 'n Netto invloeiing van kapitaal na die sentrale regering- en banksektor het R11 miljoen en na die private sektor R22 miljoen, tot eersgenoemde totaal bygedra.

Die kleiner kapitaalinvloeiing na die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1969 was gedeeltelik die gevolg van 'n afname in die netto buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, naamlik vanaf R17 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968 tot R4 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969.

Dit kan weer gedeeltelik toegeskryf word aan die verandering vanaf 'n relatiewe klein verskil wat tussen die pryse van Suid-Afrikaanse effekte genoteer op die Londense en Johannesburgse effektebeurse in 1968 bestaan het, na 'n aansienlike diskonto van die Londense pryse op die Johannesburgse pryse gedurende die eerste kwartaal van 1969.

#### *Verdere styging in goud- en buitelandse valutareserwes*

Die totale goud- en buitelandse valutareserwes wat deur die Reserwebank, die regering en die res van die banksektor gehou word, het met 'n verdere R106 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969 gestyg, wat die totale besit teen die einde van Maart op R1,206 miljoen te staan gebring het.

#### *Verwikkelinge gedurende April en Mei*

Volgens die maandsyfers van die Departement van Doeane en Aksyns, wat nie vir betalingsbalansdoeleindes aangesuiwer is nie en dus nie streng vergelykbaar is met die kwartaalsyfers wat hierbo aangehaal is nie, het die invoer gedurende April skerp gestyg terwyl die uitvoer betreklik konstant gebly het. Desondanks, het die totale goud- en buitelandse valutareserwes met 'n verdere R24 miljoen in April gestyg. Gedurende Mei het die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank met R79 miljoen gedaal.


### **Monetêre en banktoestand**


#### *Geld en kwasi-geld*

Die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld het van R3,454 miljoen aan die einde van Desember 1968 tot R3,440 miljoen aan die einde van Maart 1969 gedaal, d.w.s. met R14 miljoen of ongeveer ½ persent. Die gewone groot afwaartse seisoensbeweging gedurende die eerste kwartaal van die jaar het dus agterweë gebly. Die seisoensaangesuiwerde totale hoeveelheid geld en kwasi-geld het in werklikheid gedurende die eerste kwartaal van 1969 met 'n verdere R178 miljoen of 5.3 persent gestyg. Gedurende April het die seisoensaangesuiwerde totaal egter met R38 miljoen gedaal.

#### *Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld*

Die volgehoue vinnige styging in die seisoensaangesuiwerde totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1969 het voorgekomen ten spyte van 'n versnelde afname in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, wat R171 miljoen bedra het maar ná aansuiwering vir seisoensbewegings op R85 miljoen te staan gekom het. Laasgenoemde daling het grotendeels aansienlike verdere toenames in regeringsdeposito's by die Reserwebank en ander monetêre bankinstellings (waaronder aan die einde van Maart ook die diskontohuise) weerspieël. Die styging in regeringsdeposito's kan op sy beurt gedeeltelik aan die gewone bewegings van belastingfondse na die regering en gedeeltelik aan die





### Hoofoorsake van verandering in geld en kwasi-geld

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakeel nie			Seisoensinvloed uitgeskakeel		
	1968	1969	April	1968	1969	April
	4e kw.	1e kw.	April	4e kw.	1e kw.	April
Netto goud- en buitelandse valutareserwes	72	101	-3	38	113	32
Netto eise teen regeringsektor . . . . .	6	-171	80	-48	-85	53
Eise teen private sektor	99	149	-50	104	138	-38
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	56	-38	-21	56	-35	-3

suksesvolle leenbedrywighede van die regering in Januarie 1969 toegeskryf word.

Soos in die bygaande tabel getoon word, was die belangrikste faktore wat gedurende die eerste kwartaal van 1969 vir die voortgesette opwaartse neiging in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld verantwoordelik was, 'n toename van R138 miljoen in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor en 'n toename van R113 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes. In werklikheid het die eise teen die private sektor sedert die begin van die opmerklieke versnelling in die verlening van bankkrediet aan hierdie sektor vanaf ongeveer die middel van verlede jaar tot Maart 1969 met R356 miljoen gestyg, in vergelyking met 'n toename in die netto goud- en buitelandse valutareserwes van die monetêre banksektor van R259 miljoen oor dieselfde periode.

'n Opvallende kenmerk van die eerste kwartaal van 1969 was dat langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre banke, wat tussen die einde van Julie 1968 en Januarie 1969 aanhoudend gedaal het, gedurende Februarie en Maart weer met R53 miljoen gestyg het. Hierdie styging in langtermyndeposito's by monetêre banke was hoofsaaklik die gevolg van gebruikmaking deur die handels- en ander monetêre banke van die mark in verhandelbare depositosertifikate. So het die totale bedrag aan verhandelbare depositosertifikate in die mark gedurende die eerste kwartaal van 1969 met meer as R100 miljoen toegeneem en daardeur aan die einde van Maart 1969 'n totaal van nie minder nie as R372 miljoen bereik.

Die hoofoorsake van die toename van R15 miljoen in geld en kwasi-geld gedurende April was 'n styging van R80 miljoen in die netto eise van die banksektor teen die regering (as gevolg van 'n daling in regeringsdeposito's) wat gedeeltelik deur 'n afname van R50 miljoen in eise van monetêre banke teen die private sektor en 'n verdere styging van R21 miljoen in langtermyn private deposito's geneutraliseer is. Die netto goud- en buitelandse valutareserwes van monetêre

banke en die regering het 'n geringe daling van R3 miljoen getoon.

#### Bankkrediet

Die groot toename van R149 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969 in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor was die netto resultaat van 'n styging van R200 miljoen in diskonteringe en voorskotte van monetêre banke uitgesonderd die Landbank (waarvan die handelsbanke vir R152 miljoen verantwoordelik was), 'n styging van R9 miljoen in deposito's, 'n afname van R10 miljoen in beleggings en 'n seisoenale daling van R50 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank. Die daling in beleggings gedurende die eerste kwartaal van 1969, wat 'n teenstelling vorm met die betreklik groot styging gedurende 1968, kan met die vermindering in die oorskot likwiede bates van die monetêre banke in verband gebring word. Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, daarenteen, het gedurende die eerste kwartaal van 1969 baie vinniger as gedurende 1968 gestyg. Gedurende April het bankkrediet egter 'n klein afname van R7 miljoen getoon.

#### Daling in oorskot likwiditeit van monetêre banke

Die oorskot likwiede bates van monetêre banke het gedurende die eerste vier maande van 1969 met byna R200 miljoen gedaal. Die bygaande tabel toon ook dat die persentasie van die banke se oorskot likwiede bates tot hul verpligtings teenoor die publiek skerp gedaal het

#### Oorskot likwiede bates van monetêre banke

	Bedrag, R miljoene			Persentasie van verpligtings teenoor publiek		
	1968	1969		1968	1969	
	Des.	Mrt.	Apr.	Des.	Mrt.	Apr.
Handelsbanke . . . . .	300	153	133	10.2	5.2	4.6
Andere monetêre banke	133	95	103	10.8	7.1	7.4
Alle monetêre banke	433	247	236	10.4	5.8	5.5

van 10.4 persent in Desember 1968 tot 5.5 persent in April 1969, wat die laagste persentasie van die afgelope twee jaar verteenwoordig. Hierdie afname was die gevolg van 'n skêrbeweging van, enersyds, 'n seisoensvermindering van ietwat meer as R79 miljoen in die werklike likwiede batebesit van die banke en, andersyds, die verhoging van die likwiede bate-vereistes wat in Februarie en Maart 1969 deur die Reserwebank aangekondig is. Gedurende Mei 1969 het die Reserwebank 'n verdere verhoging van die minimum likwiede bate-verhoudings vir alle bankinstellings behalwe diskontohuise vereis. Vanaf die datum van sertifisering van hul maandopgawes vir die maand geëindig 31 Mei 1969 is die likwiede bate-vereiste ten opsigte van hul korttermynverpligtings teenoor die publiek van 45 persent tot 48 persent verhoog, terwyl die vereistes met betrekking tot middel- en langtermynverpligtings en



verpligtings uit hoofde van aksepte onveranderd gebly het.

Ondanks 'n toename van R107 miljoen gedurende die eerste vier maande van 1969 in die vereiste kontant-reserwes wat monetêre banke by die Reserwebank en die Nasionale Finansiëkorporasie moet hou, het hul oorskot besit aan kontant en daggeld by die Nasionale Finansiëkorporasie en die diskontohuise aan die einde van April 1969 nog meer as R330 miljoen bedra, wat byna R100 miljoen meer as hul oorskot besit aan likwiede bates was.

#### Geldmark

Min verandering het gedurende die eerste vyf maande van 1969 in die skatkiswissel-tenderkoers en verwante korttermynrentekoerse plaasgevind, hoofsaaklik as gevolg van die neutraliserende invloede voorspruitende uit die veranderinge in die Reserwebank se goud- en buitelandse valuta-reserwes en die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiëkorporasie teen die regering. So het die skatkiswissel-tenderkoers gedurende die eerste vyf maande van 1969 tussen die betreklik noue grense van 4.64 en 4.69 persent geskommel.

#### Staatsfinansies

Die staatsfinansies vertoon 'n sterk seisoenspatroon gedurende die laaste en eerste kwartale van die fiskale jaar, dit wil sê die eerste en tweede kwartale van die kalenderjaar, en dit is derhalwe misleidend om 'n ontleding van die skatkisrekening tot een van hierdie kwartale te beperk. Die Skatkis ondervind gewoonlik 'n betreklike groot tekort gedurende die laaste fiskale kwartaal, wat gedeeltelik deur middel van netto bankkrediet gefinansier word, terwyl deposito's van ander regeringsektorrekeninge en -liggame, soos die Staatskuldkommissaris, die provinsiale administrasies en die Betaalmeestergeneraalrekening, gewoonlik terselfdertyd aansienlik styg. Die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor toon gevolglik 'n seisoenstoename gedurende hierdie tydperk terwyl die regeringsektor as geheel in teenstelling 'n afname in sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor ondervind. Gedurende die eerste fiskale kwartaal, dit wil sê van April tot Junie, daarenteen, toon die rekeninge van die Skatkis en ander regeringsektorliggame 'n ommeswaai van hierdie tendense.

Gedurende die kwartaal geëindig Maart 1969, het die Skatkis 'n tekort van R220 miljoen getoon, wat, in teenstelling met ontwikkelinge gedurende die voorafgaande drie kwartale, tot 'n bedrag van R69 miljoen deur middel van netto bankkrediet gefinansier is. Gedurende die 1968/69 fiskale jaar as geheel het die Skatkis egter daarin geslaag om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met nie minder nie as R201

#### Skatkisfinansies

R miljoene

	1967/68	1968/69
Totale oorskot of tekort, uitgesonderd lenings	-324	-353
Finansiering:		
Verandering in netto skuldposisie teenoor:		
Buitelandse sektor	-48	7
Private nie-bank sektor	257	301
Staatskuldkommissaris	121	245
Sub-totaal	330	553
Monetêre banksektor:		
Verandering in besit aan staatspapier	120	121
Verandering in skatkissaldo (toename-, afname+)*	-126	-322
Sub-totaal	-6	-201
Totale finansiering	324	353

\*Na aansuiwering vir die belegging in die buiteland van die opbrengs van buitelandse lenings en vir oordragte na die Stabilisasierrekening en na die I.M.F.-depositerekening ten opsigte van super-goudtranche-trekkings.

miljoen te verminder, ondanks 'n betreklike groot tekort van R353 miljoen. Hierdie gunstige verwikkeling is hoofsaaklik bereik vanweë 'n groot bydrae van R245 miljoen tot die skatkisfinansies deur die Staatskuldkommissaris en die Regering se suksesvolle lenings van die private nie-banksektor wat 'n netto opbrengs van nie minder nie as R301 miljoen gedurende die jaar gelewer het. Die Skatkis het derhalwe 'n betreklik belangrike negatiewe invloed op die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die fiskale jaar geëindig Maart 1969 uitgeoefen.

#### Die 1969/70-begroting

Die Minister van Finansies het 'n fundamentele verandering in Suid-Afrika se belastingstruktuur aangekondig toe hy op 26 Maart die 1969/70-begroting aan die Parlement voorgelê het. Hy het die aanbevelings aanvaar wat deur die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre en Fiskale Beleid gemaak is, naamlik om Suid-Afrika se indirekte belastinge te verhoog deur die instelling van 'n verkoopreg by die vervaardiger- of invoerderstadium op uitgesoekte goedere en om marginale belastingkale vir individue te verlaag. Maatskappybelasting, uitgesonderd goud- en diamantmyne, is ook van 36½ persent tot 40 persent verhoog, terwyl die leningsheffing wat deur maatskappye betaalbaar was, afgeskaf is. Ander maatreëls het 'n verhoging in die belastingkoers op verhandelbare effekte, 'n verlaging van 15 na 5 persent in die leningsheffing betaalbaar deur individue en die instelling van 'n 5 persent heffing op die hersiene belasting betaalbaar deur individue ingesluit. Die algemene oogmerk van die Minister was om die land se totale belastingdruk onveranderd te hou.

## Kapitaalmark

### Aandelemark

Uitsonderlik lewendige toestande was steeds 'n kenmerk van die kapitaalmark gedurende die eerste vier maande van 1969. 'n Verdere toename in die likwiditeit van die private sektor gedurende die eerste paar maande van 1969 het steeds die bedrywigheid op die Johannesburgse Effektebeurs ondersteun en gestimuleer, en aandelepryse en omset is tot nuwe rekordhoogtes gevoer. Die pryse van mynfinansieringsaandele het byvoorbeeld met 27 persent gedurende die eerste vier maande van 1969 gestyg, terwyl die pryse van nywerheids- en handelsaandele met 22 persent gemiddeld toegeneem het. Pryse van goudmynaandele het bestendig gebly. Die feit dat die betreklik groot hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van individue en sake-ondernemings hoofsaaklik op die effektebeurs geaktiveer is, word ook weerspieël in die omset op die effektebeurs wat in 1968 meer as verdubbel het en gemiddeld 48 persent hoër was gedurende die eerste vier maande van 1969 as gedurende die laaste kwartaal van 1968.


Hierdie snelle styging in aandelepryse en -omset het plaasgevind ondanks 'n aansienlike toevoeging tot die aanbod van aandele deur nuwe uitgiftes gedurende 1968 en die eerste kwartaal van 1969. Die meegaande tabel toon dat alhoewel nuwe uitgiftes van gewone aandele gedurende die eerste kwartaal van 1969 opmerklik gedaal het vanaf die baie hoë syfer van die laaste kwartaal van 1968, sodanige uitgiftes op die hoë peil wat in die tweede kwartaal van verlede jaar bereik is, gehandhaaf is.

**Nuwe uitgiftes van gewone aandele**  
R miljoene

1967: 3de kwartaal	34
4de kwartaal	26
1968: 1ste kwartaal	12
2de kwartaal	80
3de kwartaal	96
4de kwartaal	121
1969: 1ste kwartaal	84

Die feit dat nuwe aandele-uitgiftes gedurende die afgelope jaar besonder hoog was sonder enige noemenswaardige toename in private kapitaalbesteding op masjinerie, installasies en uitrusting kan, gedeeltelik altans, toegeskryf word aan die snelle prysstygings op die eiendoms- en aandelemarkte en die bestaan van 'n groot omgekeerde rendementsgaping. Maatskappye het aandele op die beurs teen lae opbrengskoerse uitgereik en dit wil voorkom asof die opbrengs gedeeltelik herbelê is in die finansiële en eiendomsmarkte waar aansienlike kapitaalwinste behaal of hoë rentekoerse op betreklik likwiede beleggings verkry kon word. Sekere maatskappye het ook van die geleentheid gebruik

gemaak om korttermyn skuld, waarop hoë rentekoerse gehel is, te vereffen. Om groter kapitaaluitgawes aan te moedig sal die verwagte opbrengs op nuwe kapitaalprojekte derhalwe aansienlik hoër moet wees as onder toestande waar die eiendoms- en aandelemark meer normaal en die omgekeerde rendementsgaping kleiner is. Die toestand op die kapitaalmark kon derhalwe bygedra het tot die traagheid van private ondernemings om hul kapitaaluitgawes op masjinerie, installasies en uitrusting te vergroot.



### Effektetrusts

'n Belangrike faktor wat tot die opwaartse druk op aandelepryse gedurende die eerste vier maande van 1969 bygedra het, was die verdere groei van die effektetrustbeweging. 'n Sewende effektetrust het die terrein in Maart betree en netto verkope van eenhede aan die publiek het tot R205 miljoen gedurende die tydperk Januarie tot April 1969 gestyg. Daar was inderdaad so 'n vinnige invloed van fondse na die effektetrusts dat hulle dit raadsaam geag het om nie al hierdie fondse in aandele en ander effekte te belê nie, maar om dit eerder in kontant en deposito's (insluitende verhandelbare depositosertifikate) aan te hou. Hulle kontant en deposito's het naamlik met R85 miljoen vanaf die einde van verlede jaar tot R121 miljoen aan die einde van April vanjaar toegeneem.

Die uitsonderlike groot invloed van fondse na die effektetrusts en die skerp styging in aandelepryse gedurende die eerste vier maande van 1969 het 'n styging van R354 miljoen of 95 persent tot gevolg gehad in die markwaarde van hul netto bates wat op R726 miljoen aan die einde van April te staan gekom het. In ooreenstemming met hierdie verwickelinge het die verkoopprijs van eenhede met 29 persent gedurende die periode Januarie tot April 1969 gestyg, terwyl die gemiddelde opbrengskoerse op eenhede van 2.0 persent in Desember 1968 tot 1.7 persent in April vanjaar gedaal het.

### Mark vir vaste-rentedraende effekte

Ondanks die baie hoë peil van bedrywigheid op die aandelemark en die gewildheid van effektetrusts, is die mark vir vaste-rentedraende effekte ook goed ondersteun, veral deur die institusionele beleggers. Twee regeringslenings wat in Januarie uitgereik is, het kontantaansoeke van R103 miljoen van die private nie-banksektor getrek en uit voorlopige aanduidings wil dit voorkom asof die twee lenings wat in Mei en Junie vir aansoeke oopgestel is ook 'n bevredigende bedrag van hierdie sektor getrek het. Sekere openbare korporasies het met sukses lenings gedurende Februarie en Maart geflooteer teen koerse wat ietwat laer was as die peil van 7.2 persent wat van toepassing was op uitgiftes van semi-prima-effekte gedurende die laaste kwartaal van 1968. Die opbrengskoerse op langtermynstaats-effekte is nietemin onveranderd op  $6\frac{1}{2}$  persent gehou, terwyl die opbrengskoerse op nuwe uitgiftes van skuld-briewe van maatskappye tot  $8\frac{1}{2}$  persent, vanaf ongeveer  $8\frac{3}{4}$  persent gedurende die tweede helfte van 1968, gestyg het.

### Bouverenigings

Hoewel groot bedrae na die effektebeurs en effektetrusts gevloei het en nuwe uitgiftes van bemarkbare vaste-rentedraende effekte goed ondersteun is, was die bouverenigings nogtans in staat om R58 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969 te trek, vergeleke

met slegs R38 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968. Onder die heersende mededingende toestande was die bouverenigings beter daaraan toe as beide die handelsbanke en die ander monetêre bankinstellings waarvan die spaar- en termyndeposito's met slegs die helfte van die bedrag gestyg het waarmee die bouverenigings se middele gedurende die eerste kwartaal toegeneem het. Die styging in die middele van die bouverenigings was weer eens die resultaat van 'n styging van R46 miljoen in aandelekapitaal waarvan R22 miljoen nuwe beleggings in belastingvrye aandele verteenwoordig het. Gedurende April het die vloei van fondse na die bouverenigings 'n verdere R11 miljoen bedra.

Wat hul uitleenbedrywigheid betref, het die verenigings 'n volgehoue sterk vraag na nuwe verbandlenings ondervind wat teen 'n gemiddelde bedrag van R42 miljoen per maand gedurende die eerste vier maande van 1969 toegestaan is. Die werklike bedrag aan verband- en ander lenings uitstaande het met R48 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969 en met 'n verdere R19 miljoen gedurende April gestyg.

